Navorsingsartikels / Research Articles

# Stoker se denke aangaande die reg en geregtigheid

J.D. van der Vyver
Fakulteit Regte
Universiteit van die Witwatersrand
JOHANNESBURG
Emory Universiteit
ATALANTA, GEORGIA

**Abstract**

*Stoker was already of pensionable age when he first developed an interest in the problems of jurisprudence, although he had no academic training in the discipline of law. For that reason, his exposition of jurisprudential notions and ideas in many respects lacks a proper understanding of the exact components of legal concepts and distinctions familiar to the legally trained mind. The general exposition to be found in his philosophy pertaining to the law, human rights and the legal order nevertheless reflects amazing insights and original thought.*

*The main thrust of his jurisprudence remained focused upon uncovering the essential nature of the juridical aspect of reality, which he defined as "service in office" ("ampsbediening"): Every human person has a particular calling in life and is required by God to fulfil that calling. The ontic law (the 'real law' as it would have been had there been no sin) lays down the conditions that would make it possible for a person to accomplish her earthly avocation.*

*An internal analysis would expose distinct 'cosmic dimensions' of the law, human rights and the legal order. The juridical aspect per se constitutes a particular modality of individual and social ideostantic 'things'; its dynamic aspect may be uncovered by perceiving the law from the perspective of the cosmic dimension of occurrences; and its elements of 'good' and 'bad' will be brought to light by analysing the law, human rights and the legal order with a view to the cosmic dimension of values.*

*Stoker's perception of the ontic law is comparable to the notion of natural law – redesigned by Stoker, though, from a decidedly Christian perspective.*

# 1. Inleiding

Hendrik Gerhardus Stoker (1899-1993) was geen vakkundige regsgeleerde nie; en hy het hom eers in die fleur van sy bejaardheid op die fundamentele probleme van die reg as wetenskap begin toespits. Teen die middel van die sestigerjare het daar van hom 'n artikel oor menseregte verskyn (Stoker, 1965),[1] dog die kern van sy denke aangaande die reg en menseregte is in hoofsaak saamgevat in 'n rede wat hy in 1970 uitgespreek het by die aanvaarding van 'n ere-professoraat in die Wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse Universiteit (Stoker, 1970b).

Lourens du Plessis merk op dat juis omdat Stoker vakkundige kennis van die regsfilosofie ontbeer, 'n mens by hom nie "'n indringende kennis van die apparatuur van die regswetenskap(pe)" aantref nie (L.M. du Plessis, 1978:598); maar hierdie leemte, merk hy verder op, maak tegelyk die skerpte van Stoker se insigte des te meer merkwaardig (ibid.). 'n Mens sou kon byvoeg dat Stoker vir sy tyd in Afrikanergeledere ook besondere baanbrekersinsigte geopenbaar het.

Destyds, byvoorbeeld, toe die konsepsie van menseregte nog in Afrikanerkringe oor die algemeen 'n vloekwoord was,[2] het Stoker binne die raamwerk van sy eie regsteorie 'n plek ingeruim vir die bestaan en relevante betekenis van basiese aansprake van die mens (as enkeling en in sosiale of groepsverband). Op een plek verklaar hy in dié verband:

> Calviniste is dikwels huiwerig om menseregte te aanvaar, meestal uit reaksie teen die humanistiese beskouing van 'natural rights'. Persoonlik is ek daarvan oortuig dat so-iets soos menseregte bestaan en erken behoort te word (Stoker, 1970b:4.1.1.; en vgl. ook Stoker, 1965:132).[3]

---

1 Hierdie artikel is ook opgeneem in die eerste band van die hersiene versameling van Stoker se vroeëre werke, met die titel *Oorsprong en rigting* (Stoker, 1967:113-23).

2 'n Mens sou hier by wyse van voorbeeld, vanuit Potchefstroomse geledere, kon verwys na Venter (1984). Vgl. ook die afwysing van 'n menseregtehandves deur (Minister Kobie) Coetsee, 1984:6: "Eerstens is daar die humanistiese oorbeklemtoning van individuele regte *vis-à-vis* die owerheidsgesag, wat dikwels ondervind is, met daarteenoor die Afrikaner met sy Calvinistiese agtergrond wat meer geneig is om die staatsorde en die handhawing daarvan te beklemtoon."

Vir kritiese kommentaar oor hierdie standpunte, vgl. Van der Vyver (1985:veral 3-5). Vgl. verder Potgieter (1989 en 1990) en L.M. du Plessis (1990) se kritiese kommentaar op Potgieter (1990) se artikel.

3 L.M. du Plessis vind hierby aansluiting waar hy verklaar: "Menseregte is ten slotte nie blote humanistiese onsin, soos wat veral die staatsabsolutiste al te graag glo, nie" (L.M. du Plessis, 1980:80).

Hy verwys na die menseregte as "ontiese regte" om daardeur te beklemtoon dat daardie regte in ooreenstemming met die orde van die skepping bestaan en deur God self ingestel is. Aldus verklaar hy: "By die ontiese reg (wat deur die positiewe reg onderstel word) is dit God wat hierdie mensereg bepaal" (Stoker, 1970b:4.1.3.); en verder: "... aan die positiewe reg lê ontiese reg ten grondslag en met die ontiese reg is dit God wat aan die mens ('n enkeling, 'n samelewingskring) die reg toebedeel, d.w.s. die mensereg toeken" (ibid.).

Hoewel Stoker nie 'n regsgeleerde of regsfilosoof was nie en daardie tekortkoming duidelik uit sy soms lompe omgaan met regsbegrippe en -instellings blyk, sou verontagsaming van sy insigte vandag vir hoërgraadse navorsing op regsfilosofiese gebied akademies onaanvaarbaar wees. Daar bestaan reeds verskeie doctorandi in die Suid-Afrikaanse regswêreld wat in hulle (regsfilosofiese) navorsing deeglik van Stoker rekenskap gegee het (vgl. Van der Vyver, 1973:431-435, 1974/75:134-137 en 1975:14-15; L.M. du Plessis, 1978:597-645; Raath, 1985a: 105-236; Potgieter, 1987:279-455 – in die hoofstuk oor "Die Calvinistiese regsfilosofie as oorsprong van die beweerde Christelike aard van die Suid-Afrikaanse Reg").

Stoker se insigte aangaande die reg en menseregte word in hierdie gedenkbydrae vervolgens onder die loep geneem.

## 2. Die uitgangspunt

Binne die Nederlands-gegronde tradisie van die hedendaagse Calvinisme[4] verteenwoordig Stoker se wysbegeerte een van drie rigtinggewende strominge, elk waarvan op 'n verskillende uitgangspunt of voorwetenskaplike veronderstelling berus. Die Wysbegeerte van die Openbaringsidee van H. Bavinck (1854-1921), die Wysbegeerte van die Wetsidee van Herman Dooyeweerd (1894-1977) en die Wysbegeerte van die Skeppingsidee van Stoker verteenwoordig aldus die baanbrekerswerk en vorm steeds die kern van Skriftuurlike denke binne daardie (gereformeerde) tradisie.

Eksponente van die Calvinisme het weliswaar sekere basiese belydenisse in gemeen (Van der Vyver, 1972:vii; vgl. ook Stoker, 1970a:225-31; L.M. du Plessis, 1978:599-600), byvoorbeeld:

- die beginsel van *teosentrisiteit* (uit God, deur God en tot God is alle dinge);

4 Stoker self verkies om na die Christelik georiënteerde en Skriftuurlik gegronde wysbegeerte as "Calvinistiese wysbegeerte" te verwys, omdat die in die Woord gegewe riglyne van hierdie wysbegeerte per slot van sake deur Calvyn onderstreep is (Stoker, 1970a:213-15).

- die beginsel van *antroposentrisiteit* (die mens beklee 'n besondere posisie as konsentrasiepunt/kroonpunt van die skepping);
- die beginsel van *abnormaliteit* (die kosmos, soos ons dit ervaar, het in sonde geval en is deur die sonde bederf);
- die beginsel van *Skrifmatigheid* (die Bybel het vir ons wetenskaplike insigte betekenis maar mag nie as wetenskaplike handboek gebruik word nie);
- die beginsel van *religieuse bepaaldheid* (alles wat die mens doen – ook sy wetenskaplike arbeid – doen hy tot eer of tot oneer van God, en alle wetenskaplike arbeid berus op 'n uitgangspunt wat in sy diepste sin die religieuse gerigtheid van die hart weerspieël);
- die beginsel van *wetsgebondenheid* (die hele kosmos staan onder die wetsorde van God); en
- die beginsel van *eenheid en verskeidenheid* (alle dinge, modale aspekte van die dinge en gebeurtenisse hang saam as skepsels of instellinge van God, maar verskil ook onderling fundamenteel van mekaar).

Die verskille tussen die drie strominge binne die hedendaagse Calvinisme spruit voort uit hulle onderskeie Skriftuurlike uitgangspunte.

Die Wysbegeerte van die Openbaringsidee berus op 'n driedeling: die werklikheid van *God*, die openbaarder, *die mens* aan wie die openbaring gerig is, en *die kosmos* as dit wat geopenbaar word. Te midde van die driedeling word plek ingeruim vir die openbaringsakte self, by name die besondere openbaring in die Skrif en die algemene openbaring deur die natuur. Bavinck (1908:23) self verduidelik die kernbetekenis van die openbaring op een plek soos volg:

> De gansche wereld rust zelve in openbaring; openbaring is de onderstelling; de grondslag, het geheim van heel de schepping en al haar formatiën. Hoe dieper de wetenschap graaft, des te beter ziet zij openbaring als het fundament onder alle schepselen uitgebreidt.

Die Wysbegeerte van die Wetsidee gaan uit van die onderskeie werklikhede van *God*, die Skepper, die *wet* waardeur Hy met sy skeppingsdaad die geskape werklikheid georden (onder die wet gestel) het, en die *kosmos* as geskape werklikheid. Dooyeweerd beskryf die wet (in sy sentrale religieuse eenheid en in sy tydelike verskeidenheid wat uit die Skepper se heilige wil voortspruit) as 'die *universele grens* (*wat nie oortree kan word nie*) tussen die *syn* van God en die *sin* van sy

skepping' (Dooyeweerd, 1984:I, 99),[5] met die verduideliking daarby in 'n voetnoot dat met *grens* hier 'n onderskeidingsgrens en nie 'n skeidslyn bedoel word nie: God self is nie onderworpe aan die wet nie, terwyl die skepping wel tipies wetsonderdaan is en die syn van die geskape werklikheid trouens deur daardie karakteristieke wetsonderhorigheid (*subjectedness*) begrens en bepaal word.

By Stoker gaan dit, by wyse van eerste onderskeidinge, om die tweedeling van *Skepper* en *skepping*. In sy kenteorie vind hy weliswaar aansluiting by Bavinck: openbaring het met die verkryging van kennis te make, maar is vir die doeleindes van 'n ontologie te eng (vgl. Stoker, 1970a:240). Dáár geld die fundamentele begrip van skepping as 'n meer gepaste basis vir eerste onderskeidinge vanuit die totaliteit van die kenbare werklikheid (ibid). In een van sy vroegste werke beklemtoon Stoker die skeppingsidee as Archimedespunt van 'n Christelik gefundeerde kosmologie soos volg:

> Die kosmos is 'n skepping Gods en God is die soewereine Skepper van die kosmos. Die *skeppingsidee* behoort myns insiens die mees omvattende formele eenheidsbeskouing van die kosmos te kan gee (Stoker, 1933:25).

Veel later, nadat hy heelwat kritiek moes verduur en verwerk, bely Stoker steeds sy eie voorkeur om 'n Skriftuurlik gefundeerde wetenskaplike omgaan met die eenheid van en verskeidenheid binne die kosmos die "Wysbegeerte van die Skeppingsidee" te noem (Stoker, 1964:5). Hy verduidelik in 'n voetnota:

> Vra ek 'n materialis, idealis ensovoorts wat hierdie werklikheid is, antwoord hulle onderskeidelik: materie, idee ensovoorts. Vra hulle my dieselfde vraag, dan antwoord ek: 'n skepping Gods; en ek meen dat wysgerig die opvatting dat hierdie kosmos 'n skepping van God is (by nadere bepaling) al die ... verhoudings van God tot die kosmos tot hulle reg laat kom (Stoker, 1964:5 n.9).

In die skeppingsidee kom die radikale verskil tussen God en kosmos skerp op die voorgrond:

> God is alwys, almagtig, algoed. Hy is algenoegsaam en absoluut; die skepping is onselfgenoegsaam (in álles van God afhanklik) en betreklik (relasioneel). God is ewig; die skepping is tyds. ... God staan bó die wetsorde

5 Hy stel dit self (vollediger) soos volg: "The *totality of meaning* of our whole temporal cosmos is to be found in Christ, with respect to His human nature, as the *root* of the reborn human race. In Him the *heart*, out of which are the issues of life, confesses the Sovereignty of God, the Creator, over everything created. In Christ the heart bows under the lex (in its central religious unity and its temporal diversity, which originates in the Creator's holy will), as the *universal boundary* (*which cannot be transgressed*) between the *Being* of God and the *meaning* of His creation."

> wat Hy vir Sy skepping gestel het; die skepping staan geheel en al ónder die wetsorde van God. ... Niks van die skepping is identies met God nie en niks in God is skepping nie (Stoker, 1969:152).

Op kenteoretiese gebied, aldus Stoker, moet daar skerp onderskei word tussen die kenner, die kenbare en kennis:

> Die kenne is op die kenbare en die kenbare op die kenne aangewys. Die een het sonder die ander geen sin nie. ... Teaal (of teologies gesproke): hulle is kenbaar geskape. ... God openbaar Homself én die kosmos aan die mens; en Hy gee aan die mens die 'vermoë' (aanleg) om die openbaring (die waarheid) deelagtig te word. Die geopenbaarde (kenbare) vereis die aanleg van die mens om die openbaring te verstaan (te ken) en vice versa. Dit is nie die mens wat deur te ken aan die 'dinge' 'n openbaringskarakter gee nie; hulle het dit in hulleself (Stoker, 1969:151-152).

Dit is belangrik om daarop te let dat die kenbare volgens Stoker vanuit twee duidelik onderskeibare gesigspunte wetenskaplik in oënskou geneem kan word: na die orde van die skepping en na die orde van sondeval en verlossing. Grondliggend aan hierdie benadering is die wete dat God die kosmos goed geskape het, maar dat sy skepping deur die sonde bederf is:

> In die beginne is die skepping goed, ja baie goed geskape. Daarna het afval, kwaad, sonde, verwording, verskeurdheid ingetree (met die daarmee gegewe vereiste van herstel, verlossing en herskepping). Hierdie twee gesigspunte is onskeibaar en mag nie dualisties teenoor mekaar gestel word nie. Maar hulle is wel onderskeibaar, omdat die kosmos (stof, plant, dier en mens) kósmos (stóf, plánt, diér en méns) gebly het en in dié sin sy aard en struktuur behou het, nieteenstaande die afval ... (Stoker, 1964:25; en vgl. ook Stoker, 1970a:236-7).

Indien 'n mens tot die kern (die aard en struktuur) van enige faset van die kosmos wil deurdring, moet jy daarom vra na die veld van jou ondersoek na die orde van die skepping. Na die orde van sondeval en verlossing vind jy die deur sonde bedorwe afskaduwing van daardie faset voor hande. Wetenskaplike analises na die orde van die skepping is geen historiese ondersoek nie; dit gaan om die stand van sake *afgesien* van die bedorwe invloed van die sonde en nie soos dit *voor* die sondeval mog gewees het nie (Stoker, 1970b:1.3.3.2.).

Dit sal hierna aan die lig kom dat Stoker se regs- en menseregtebeskouing primêr op die orde van die skepping bedag is. Stoker wil daarmee tot die kern van die reg en menseregte as modale idionne deurdring. Dit gaan dus vir hom nie soseer om die positiewe reg soos dit in die sondebedorwe empiriese werklikheid daar uitsien nie. Agter die positiewe reg – of eerder, grondliggend aan die positiewe reg – is daar *richtiges Recht*; die reg en menseregte soos wat dit wesenlik, afge-

sien van die inwerking van die sonde, in sy kenmerkende of karakteristieke kern daar uitsien.

Daar moet van meet af aan daarop gewys word dat Stoker met die skeppingsidee heelwat gesigspunte wat in die Calvinisme gangbaar geag word, in geskil plaas. Byvoorbeeld, Dooyeweerd se staatsbeskouing wat 'die interne monopolistiese organisasie van die swaardmag oor 'n bepaalde kulturele gebied binne territoriale grense' as funderingsfunksie van die staat tot 'n integrale strukturele komponent van die staatsbegrip verhef (Dooyeweerd, 1984:III, 414),[6] kan gewoon by Stoker nie stand hou nie. Die swaardmag vind in die skeppingsorde geen plek nie (Stoker, 1970b:9.5.); en om trouens hoegenaamd 'n staatsidee na die orde van die skepping te kan konstrueer, moet Stoker hom skaar teen diegene wat die staat as 'n instelling ten gevolge van die sonde voorhou (ibid.) – waaronder Abraham Kuyper, wat owerheidsgesag beskryf as 'n instelling van God "om der zonde wil" (Kuyper, 1898:69).

Met die skeppingsidee het Stoker – wat eksponente van die regsfilosofie betref – in Dries Raath 'n getroue volgeling gevind (vgl. byvoorbeeld Raath, 1984c:32-3, 1985b:27-29 en 31-32 en 1985c:50-52). Die kern van sy kritiek teen geesgenootlike tydgenote en voorgangers – Kuyper, Dooyeweerd, Van der Vyver, L.M. du Plessis – wat 'n ander uitgangspunt as die skeppingsidee verkies, sluit by Stoker se vooropgesette beginselstandpunt aan dat dit verkeerd is om van die abnormale (die orde van verskeurdheid) tot die normale (die orde van die skepping) deur te dring (vgl. Raath, 1984c:36-37 en 46; 1985b:28 en 1985c: 54-55). Stoker self stel die beginsel soos volg:

> As ons die orde van die skepping *prinsipieel normaal* en die orde van verskeurdheid *prinsipieel abnormaal* noem, dan lê dit tog voor die hand dat die abnormale as afwyking van die normale beskou moet word en dat ons nié vanuit die abnormale die normale (ten volle) kan vind en reg verstaan nie. Dit impliseer dat ons met ons ondersoek van die aard en rol van die reg met die orde van die skepping moet begin en eers daarna die vraagstuk van menslike reg volgens die orde van verskeurdheid moet behandel (Stoker, 1970b:1.3.3.3.).

Die skeppingsidee as grondslag van die regsfilosofie het egter ook heelwat kritiek ontlok. Johan Potgieter hou hom daarvan oortuig dat dit eenvoudig vir die in sonde gevalle mens nie moontlik is om hom in te dink hoe die skeppingsorde in die

6 Dooyweerd definieer die staat as "een institutaire publiekrechtelijke gemeenschap van overheid en onderdanen op de historische grondslag van een monopolistische organisatie van de zwaardmacht op een territorium" (Dooyeweerd, 1950:54; vgl. ook Dooyeweerd, 1962:125).

afwesigheid van sonde daar sou uitsien nie (Potgieter, 1987:373-379).[7] Danie Strauss het dit veral teen die veronderstelling wat in Stoker se benadering deurskemer dat daar aan die verskeurde wêreld 'n oorspronklike orde-karakter toegeken kan word. Hy verklaar in dié verband:

> Wie die integrale Bybelse skeppingsmotief tot sy reg wil laat kom, kan immers aan die sonde geen oorspronklike *orde*-karakter toeken nie. Die sonde veronderstel die skeppingsorde waaraan dit geen afbreuk kan doen nie en waaraan dit niks kan toevoeg nie. Elke moontlike beginsel wat in hierdie sondige bedeling gepositiveer word, appelleer dus op die skeppingsorde en nié op die sg. orde van verskeurdheid nie. Dat anti-normatiewe handelinge pas ná die sondeval kan plaasvind, impliseer nie dat na die sondeval, en as gevolg van die sondeval, beginsels gestalte sal kry nie wat opkom uit die 'orde van verskeurdheid' en nie uit die oorspronklike skeppingsorde nie (Strauss, 1971:152).

Lourens du Plessis vind hierby aansluiting (L.M. du Plessis, 1978:630-1) en wys onder meer, by wyse van kritiek, op die eienaardige opvatting wat uit die (dualistiese) veronderstelling voortspruit dat sekere instellings na die orde van die skepping en *ander* weer na die orde van verskeurdheid gestalte kry. Aangesien Stoker positiewe reg sowel as ontiese reg na die orde van die skepping konstrueer (en positiewe reg ook wel na die orde van verskeurdheid), ontstaan die vraag hoe positiewe reg na die orde van die skepping ('goeie reg', reg afgesien van die sonde) dan van ontiese reg verskil (L.M. du Plessis, 1978:627).

In aansluiting hierby moet gekonstateer word dat 'reg', rég is en 'goeie' sowel as 'slegte' reg insluit. Dit wat die 'goeie' én die 'slegte' reg as rég kwalifiseer, lê opgesluit in 'n *juridiese beginsel* wat inderdaad 'n instelling van God is en in sy skepping voorsien is. Die orde van die skepping bied 'n aanvaarbare uitgangspunt om daardie juridiese beginsel op te spoor en begripsmatig onder die knie te kry. Indien 'n mens verder wil gaan en in die skeppingsorde na regsnorme, subjektiewe regte en 'n regsorde op soek gaan, loop jy jou egter vas teen die dualisme waaraan Stoker nie kon ontkom nie.

7 Dit is belangrik om daarop te let dat Potgieter geheel en al die moontlikheid van 'n Christelike regsbeskouing verwerp – dit is nie moontlik om in ons sondige bedeling 'n Christelike regsorde tot stand te bring of Christelike reg te positiveer nie omdat selfs regsvoorskrifte wat met Christelike norme mag ooreenstem, steeds die werk van sondige mense bly (vgl. Potgieter, 1988:344-347) – en daarom hoegenaamd nie op dieselfde golflengte as Stoker verkeer nie.

## 3. Die leerstuk aangaande kosmiese dimensies

Voordat dieper op Stoker se beskouing van die ontiese reg en menseregte ingegaan word, moet die plek van 'n regsteorie binne die raamwerk van sy leerstuk aangaande kosmiese dimensies in perspektief gestel word.

Terwyl die onderskeid tussen wysgerige insigte na die orde van die skepping en na die orde van sondeval en verlossing aan 'n 'eksterne visie' van die kosmos gestalte gee, stel 'n 'interne ondersoek' die kwessie van kosmiese dimensies aan die orde.

Die kosmos bestaan uit 'n ryke verskeidenheid 'idionne',[8] waarby Stoker alles insluit wat met 'n selfstandige naamwoord gekenteken kan word (of in die geval van byvoeglike naamwoorde en bywoorde in 'n selfstandige naamwoord omgesit kan word):

> Bewus wees (van 'n bepaalde iets), 'n bitter smaak (van iets), 'n boot, 'n diamant, 'n bepaalde doel, 'n bepaalde gedagte, 'n gesin, 'n gesproke woord, 'n heuningdruppel, 'n hofbevel, 'n bepaalde kunswerk, 'n insig (in 'n bepaalde saak), liefde (van 'n bepaalde kind vir sy moeder), 'n bepaalde mens, 'n bepaalde oorsaak, 'n bepaalde plek, rondwees (van 'n bepaalde bal), 'n bepaalde smartgevoel, trou (van 'n bepaalde vriendedaad), twis (tussen bepaalde persone), 'n bepaalde waterval, 'n betrokke Woordopenbaring van God, ensovoorts (Stoker, 1970a:204-205 n. 9).

Idionne, sê hy, "druk nie net die eie eienheid van 'syndes' uit nie want ook bv. bepaalde relasies tussen en samehange van bv. syndes is idionne" (Stoker, 1964: 6-7). Idionne met 'n bepaalde afgerondheid of eiestandigheid ("die konkréte stoflike 'dinge', plante, diere en mense" (Stoker, 1964:27) – met die moontlikheid van ander dusver onontdekte "tussentipes" (Stoker, 1964:28)) – word *idiostansies* genoem, terwyl dié wat as akte of aspek aan 'n idiostansie verbind is – wat "op een of ander wyse in 'n afhanklikheidverhouding tot stof, plant, dier en mens [staan]" (Stoker, 1964:7) – (die hond *blaf*, is *intelligent*) "toebehorende idionne" genoem word.

Die idionne waaruit ons tydelike werklikheid bestaan, kan volgens Stoker vanuit vier verskillende gesigspunte – waarna hy vroeër verwys het as "kegelsnedes" maar later as "kosmiese dimensies" – wysgerig bestudeer word (vgl. in die algemeen Stoker, 1964:27-31): Die kosmiese dimensie van modaliteite (Stoker,

---

8 *Idion* het dieselfde stam as die wortel *idio-* in woorde soos idiochromosome, idiografie, idiolatrie, idiomatiek, idiomorf, idionomatografie, idioom, idiopatie, idiosinkrasie, idiotermie en so meer (Stoker, 1964:6).

1969:164-167; 1970a:283-289); die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture (Stoker, 1969:167-174; 1970a:292-304); die kosmiese dimensie van gebeurtenisse (Stoker, 1969:174-178; 1970a:289-292) en die kosmiese dimensie van waardes (Stoker, 1969:178-182; 1970a:304-307). Die kosmiese dimensies van modaliteite, van idiostante strukture en van gebeurtenisse laat 'n mens die kosmos na die orde van die skepping sien, terwyl die kosmiese dimensie van waardes die goed-kwaad-bepaaldheid in die kosmos aan die orde stel en daarom die orde van sondeval en verlossing op die voorgrond dwing (Stoker, 1964:30).

Die juridiese aspek van die werklikheid vind sy plek in die kosmiese dimensie van modaliteite. 'n Modaliteit – aspekte van die idiostansies[9] – hoort in Stoker se taal by die toebehorende idionne tuis. Die idiostansies, as individuele én as sosiale strukture, vertoon of is die draers van altesaam twaalf modaliteite, gerangskik in 'n hiërargiese orde van toenemende gekompliseerdheid: getal, ruimte, die fisiese, die biotiese (of 'lewe'), die psigiese, die logiese, die linguale, die estetiese, die ekonomiese, *die juridiese*, die sedelike en die godsdienstige (Stoker, 1970a:284).[10]

Die leerstuk aangaande kosmiese dimensies bied inderdaad 'n besonder bruikbare alternatiewe raamwerk (teenoor Dooyeweerd se regsensiklopediese analise van retrosipasies en antisipasies)[11] vir 'n sistematiese oorskouing van die veelvuldige fasette van die reg. 'n Mens kan jou dit soos volg voorstel:

Die juridiese aspek van die werklikheid (die reg) is, soos reeds vermeld, wesenlik 'n toebehorende idion wat met 'n 'interne ondersoek' as een van die modale aspekte van die idiostansies (stof, plant, dier en mens – as enkelinge en in groepsverband) geïdentifiseer kan word. 'n Mens sou dus vanuit die kosmiese dimensie

---

9 Stoker beskryf 'n modaliteit meer bepaald as "'n hoedanigheid ('n syns- of handelswyse)"; en hy verduidelik: "Iets is bv. ruimtelik, psigies of sedelik, is m.a.w. in die betrokke opsig modaal bepaal" (Stoker, 1969:164).

10 Stoker verskil in die onderhawige opsig van Dooyeweerd, wat altesaam 15 modale aspekte van die 'dinge' en gemeenskapstrukture in die kosmos (en 15 daaraan gekoppelde wetskringe) onderskei. Die onderskeid wat Dooyeweerd (in sy latere werke) tussen die fisiese en kinematiese aspekte maak, gaan by Stoker nie op nie; en die historiese en sosiale aspekte in Dooyeweerd se rangorde van modaliteite hoort volgens Stoker tuis by, respektiewelik, die kosmiese dimensie van gebeurtenisse en die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture (Stoker, 1964:29).

11 Strauss se verwyt dat Stoker die modale regsaspek en – soos dit my lyk – meer bepaald die normatiewe sy van die juridiese aspek "verontagsaam" (Strauss, 1971:154-160), beoordeel Stoker se sistematiek vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee en kan dus nie as immanente kritiek geld nie.

van modaliteit tot die kern van die reg as modaliteit kon deurdring. Daarmee word die juridiese modaliteit egter nie van die ander kosmiese dimensies geïsoleer nie: 'n Mens kan die juridiese ook – met 'n klemverskuiwing – vanuit die kosmiese dimensie van, onderskeidelik, individuele en sosiale idiostante strukture, gebeurtenisse en waardes ontleed. Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture stel dit wat Dooyeweerd die subjeksy van die juridiese wetskring noem, aan die orde; met 'n visie van die reg vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse kom die veranderlike sy van die reg – die voortgang (geskiedenis) van regsnorme en van alles wat tot die subjeksy van die juridiese aspek behoort – in die kollig; en die kosmiese dimensie van waardes vra die aandag vir 'n aksiale beoordeling van die reg as normesisteem en met die oog op die subjeksy daarvan ten einde aldus 'goeie' reg van 'slegte' reg en regsinstellings te onderskei.

Stoker het self so 'n sistematiese aanwending van die onderhawige faset van sy kenteorie nie volledig beproef nie. Hy gee wel aandag aan die regsproblematiek vanuit die kosmiese dimensie van waardes (Stoker, 1970b:6.0.): die kwessie van reg en onreg, straf as annulering van onreg en herstel van geskonde reg, skuld en dies meer; en vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse (Stoker, 1970b: 7.0.): die dinamiese sy van die reg wat met die geskiedenis as voortgang gegee is. 'n Mens mis egter by hom eksplisiete aanwending van die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture om tot 'n wetenskaplik verantwoorde beskouing aangaande die subjeksy van die juridiese aspek van die werklikheid (regsubjek, regsobjek, regsfeite – juridiese handelinge, gebeurtenisse en toestande – juridiese kompetensies, subjektiewe regte, en ook voor-positiewe regsbeginsels) te kom. Dit is waarskynlik so omdat hy meteen by die reg as modale aspek elemente insluit wat eintlik eers vanuit die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture (by name 'menseregte'), of as 'n totaalbeeld vanuit al die kosmiese dimensies ('die regsorde'), in die wetenskaplike sigveld kan kom. En ten einde die subjeksy van die juridiese aspek netjies af te baken, sou 'n mens seker ook nog die verskil wat daar bestaan tussen 'n regsfeit (wat menslike gedraginge, natuurlike gebeurtenisse en voortdurende toestande – elk na die juridiese aspek daarvan – insluit), as behorende tot die subjeksy van die juridiese aspek, en die dinamiese voortgang van regsfeite, soos gesien vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse, met hom moes deurpraat. Stoker het oor die algemeen die subjeksy van die juridiese aspek stief behandel.

## 4. Die ontiese reg

Ooreenkomstig die basiese uitgangspunt van die Calvinisme, aanvaar Stoker "dat die menslike reg ... sy oorsprong in God vind uit, deur en tot Wie alle dinge is" (Stoker, 1970b:1.2.1.; en vgl. ook Stoker, 1965:132-3). Daar moet onderskei word, sê hy, tussen die positiewe reg en die ontiese reg (Stoker, 1964:1.3.2. en

ook 5.), wat hy definieer as "'n *dieper reg* ... wat 'goeie' of 'ware' of 'regte' reg is, waaraan die positiewe reg behoort te beantwoord en waaraan dit getoets kan en moet word" (Stoker, 1970b:1.3.2.1.; en vgl. ook Stoker, 1965:131-2).

Binne die domein van sowel die ontiese reg as die positiewe reg moet daar onderskei word tussen menseregte, regsnorme en die regsorde (Stoker, 1970b:1.3.2.3.). *Menseregte* dui die regsbetrekking aan wat uitdrukking vind in die aanspraak van individuele persone en van samelewingskringe (soos 'n huwelik, gesin, volk, staat, kerk, industrie, universiteit en sportvereniging) dat dit of dat "my reg" is (Stoker, 1970b:1.3.1.1.). *Regsnorme* sluit die [juridiese] wette in wat deur die mens 'gestel' (gepositiveer) word, asook onbeskrewe reëls van die gebruiksreg en die 'regsbeginsels' van die ontiese reg (waaruit positiewe reg gevorm word) (Stoker, 1970b:1.3.1.2.). Die *regsorde* word saamgestel uit die geheel van menseregte en regsnorme (Stoker, 1970b:1.3.1.3.).

Die menslike reg (ontiese reg én positiewe reg) openbaar volgens Stoker sekere kenmerke, waarvan hy die volgende vir nadere presisering uitsonder:

- Die menslike reg besit die eienskap van universaliteit (Stoker, 1970b:3.1.): 'n Mens tref dit by enkelinge en samelewingskringe aan (die menslike reg het 'n individuele én 'n sosiale kant); alle mense besit status (die pluriformiteit van die reg kom tot uitdrukking na gelang – naas gevalle van gelykberegtiging – ook "gelykwaardige ongelykheid" (differensiasie) van byvoorbeeld volwassene en kind of kerk en staat, asook "ongelykwaardige ongelykheid" (diskriminasie) van byvoorbeeld gesaghebbers en gesagonderdane of van 'n hoogs ontwikkelde volk teenoor 'n laag ontwikkelde volk,[12] erkenning geniet).

- Die menslike reg is uniek (Stoker, 1970b:3.2.): die reg verskil van ander idionne en is onherleibaar tot enige ander modaliteit; die gangbare isme-filosofieë, wat die reg tot 'n faset van byvoorbeeld die sedelike, die redelike, die sosiale of die historiese probeer herlei – of in Stoker se woordkeuse "heteroduseer" – moet daarom afgewys word.

- Die menslike reg is ordebepalend (Stoker, 1970b:3.3.): Regsorde moet van ordebepaling op die gebied van byvoorbeeld die godsdiens, die sedelike, die ekonomie, kuns, taal en kennis, of van die huwelik, gesin, staat, kerk, skool en vereniging, of in die verkeer, geskiedenis en opvoeding en so meer, onderskei word; dit gaan in die regsorde meer bepaald om die status en funksies van enkelinge en samelewingskringe met hulle gemeenskaplikheid, verskeidenheid

12 Die apartheidspaternalisme skemer hier deur wanneer Stoker in die konteks van "ongelykwaardige ongelykheid" aan die ontwikkelde volk die rol van voog oor die ontwikkelende volk toesê (vgl. Stoker, 1970b:3.1.4.2.3.).

en samehang, in hulle gelykheid, ongelykheid en onderlinge verbondenheid en dies meer.[13]

- Die menslike reg het 'n basiese aard (Stoker, 1970b:3.4.). Die ontiese reg word nie deur die mens geskep nie, maar vind sy oorsprong in die skeppings- (en bestierings-)wil van God en is die voorwaarde van alle menslike doen en late: die mens mag nie iets doen waartoe hy as mens geen reg het nie.

- Die menslike reg het gelding (Stoker, 1970b:3.5). Gelding dui hier op 'bepalend wees' vir regshandelinge en vereis gehoorsaming; en dit op sy beurt veronderstel dat regsgelding deur 'n gesagsmoment onderskraag word wat (na die orde van die skepping) voortspruit uit die absolute soewereiniteit van God.

Met hierdie, vir die regsgeleerde miskien oorvereenvoudigde, siening van die juridiese werklikheid – veral die klem wat 'menseregte' soos deur Stoker omskryf daarin geniet – sou 'n mens die uiteinde waarop hy afstuur, vooruit kon skat. Soos reeds vroeër uitgewys, gaan dit vir Stoker in hoofsaak om die ontiese reg volgens die orde van die skepping (Stoker, 1970b:1.3.5.), naamlik die reg "waaraan die positiewe reg moet beantwoord en vir die herstel waarvan reg volgens die orde van verskeurdheid moet stry" (Stoker, 1970b:3.5.4.). Stoker gaan op voetspoor van die ontiese reg vervolgens op soek na die kernmoment wat die reg as rég kwalifiseer en van nie-reg onderskei; dit wat Dooyeweerd die sinkern van die juridiese wetskring (Dooyeweerd, 1984:II,74-5; en vgl. ook Dooyeweerd, 1950: 51) of Pieter du Plessis die juridiese beginsel (P.G.W. du Plessis, 1965:188) sou noem.

Stoker beskryf die ontiese reg in sy diepste sin as *ampsbediening* (Stoker, 1970b: 8.1.1 en 8.3.). Hy verduidelik:

> 'Amp' verstaan ons hier ... as iets wat met die mens-wees van die mens gegee is – as die verdiepte sin van die status van die mens (met sy funksies, doel) en van die aanstelling van die mens (met sy opdrag). Amp beteken betrekking (posisie, status, aanstelling) sowel as diens (funksie, doel, opdrag). Amp is 'n betrekking waarin iemand (in casu die mens as mens – as enkeling en in samelewingsverband) deur 'n gesaghebber (in casu: God) benoem word om 'n betrokke diens (in casu: natuurbeheersing, kultuurskepping, sorg vir die mens, diens van God – samevattend: roepingsvervulling) volgens die betrokke ampseise (in casu: die betrokke norme) te be-

13 Stoker skaar hom hier nadruklik teen diegene wat ordebepaling in die reg aan die afweging en harmonisering van belange koppel: Die term *belange* is dikwels vaag en ongepresiseerd; die belangeteorie laat die vraag wat met *regs*belange bedoel word, onbeantwoord; en die afweging en harmonisering van belange het alleen sin as dit om die positiewe reg na die orde van verskeurdheid gaan Na die orde van die skepping, sê hy, het 'n mens eerder met die koördinering van "regsbelange" te make (Stoker, 1970b:3.3.1.1.).

> hartig, verantwoording aan hom (in casu: God) wat aan hom (die mens as mens) as ampsdraer deur die gesaghebber (in casu: God) toevertrou word. In hierdie sin is die mens ampsdraer: juridies; is alles wat hy doen amptelik: juridies; het hy sy ampsregte (en -verpligtinge): juridies; moet hy die ampsnorme eerbiedig: juridies; en die ampsorde reël en handhaaf: juridies. Met dit alles het die amp by uitstek 'n dienende karakter. ... En juis kragtens die dienende karakter hiervan kom menslike reg in die aangewese afhanklikheidsverhouding tot die reg van God te staan. ... Vanselfsprekend impliseer die amp van die mens (soos hier opgevat) die totale roeping van die mens, álles wat hy doen en laat (Stoker, 1970b:8.1.1.).

Dries Raath vat dit soos volg kernagtig saam:

> God bepaal wat elke mens se roeping is. Daar moet voorsiening gemaak word vir die roepingsvervulling van die mens. Die reg maak voorsiening dat elke mens sy roeping kan vervul (Raath, 1984c:34; en vgl. ook Raath, 1984b:300).

Sowel Lourens du Plessis (L.M. du Plessis, 1978:636-645 en 799-802 en 1980: 74-76 en 79-80) as Dries Raath (Raath, 1984b:299-302 en 312, 1986:466-467, 1985c:55-56, 57 en 65) vind aansluiting by hierdie omskrywing van die juridiese sinkern. Du Plessis tree wel met Stoker in geskil oor die gebruik van die term *ampsbediening* (L.M. du Plessis, 1978:643-644 en 800). Dieselfde beswaar wat teen *vergelding* (soos by Dooyeweerd) as sinkern van die reg ingebring kan word, geld ook hier: dit dui op 'n dadigheid of aktiwiteit (die reg in werking) eerder as op 'n orde-konstituerende moment wat daardie dadigheid of aktiwiteit in homself moet omdra om 'juridies' genoem te kan word; en daarom verkies Du Plessis om van *ampsgeborgenheid* as sinkern van die reg te praat. Die mens staan in die *amp* van tot roepingsvervulling bestem te wees en die reg *borg* die moontlikheid vir die mens om aan sy roeping te beantwoord. Daardie geborgenheid-in-beweging vind eers uitdrukking in 'n proses van *ampsbediening*.

Die probleem wat 'n mens in die gesig staar wanneer jy 'n woord probeer vind – of erger nog, na omskrywings op soek gaan – om die kernmoment van enige modale aspek van die werklikheid vas te vang, is op 'n keer soos volg deur Van Eikema-Hommes (met die oog op die begrippe-apparatuur van die Wysbegeerte van die Wetsidee) saamgevat:

> ... het [is] van belang er op te wijzen, dat modale zinkern en modale analogieën binnen de structuur van een aspect op elkaar aangewezen zijn en elkaar veronderstellen. De modale analogieën ontlenen hun modale eigen aard aan de zinkern; omgekeerd, kan de zinkern niet bestaan zonder de modale analogieën ...
>
> Voor het theoretisch onderzoek van de modale structuur van een aspect heeft deze visie op de modale opbouw van het aspect ook belangrijke

gevolgen. De logische denkfunctie kan alleen de analogische structuurmomenten analytisch onderscheiden en pogen deze in een wetenschappelijke synthese te vatten. Maar de modale zinkern onttrekt zich door haar onherleibaar, niet-logisch karakter aan theoretische analyse en synthese. Alleen de theoretische intuïtie, als een tijdelijke dieptelaag van ons bewustzijn, houdt de band tussen onze logische denkfunctie en de onherleibare eigen aard van de niet-logische 'Gegenstand' in stand. Dit betekent dat ons wetenschappelijk denken door de intuïtie gedragen wordt, en dat tegelijk de theoretische intuïtie in de wetenschappelijke analyse en synthese functioneert (Hommes, 1982:40-1; en vgl. veral Dooyeweerd, 1984:II, 4-6 en 485-486).

Die probleem, in leketaal gestel, is dat die sinkern reeds veronderstel word in elke begrip wat figureer binne die gesigsveld wat deur daardie sinkern afgebaken word. Of 'n mens nou ook al die juridiese sinkern as 'vergelding', 'ampsbediening' of 'ampsgeborgenheid' beskryf, moet meteen daarby gesê word dat dit meer bepaald om *juridiese* vergelding/ampsbediening/ampsgeborgenheid gaan; en as jy dan vervolgens sou vra wat dit dan eintlik is wat die vergelding, ampsbediening of ampsgeborgenheid 'juridies' maak, bly die kentekening van daardie elementêre begrip – soos die 'ontwykende ek' in Van Peursen se eksistensiële antropologie[14] – jou telkens ontglip. Dooyeweerd doen daarom 'n beroep op 'intuïtiewe belewenis' ten einde die sinkern van die verskillende modale aspekte van die werklikheid te vind. Hy stel dit soos volg:

> It is the very nature of the modal nucleus that it cannot be defined, because every circumscription of its meaning must appeal to this central moment of the aspect-structure concerned. The modal meaning-kernel itself can be grasped only in an immediate intuition and never apart from its structural context of analogies (Dooyeweerd, 1984:II,129).

Stoker sluit weliswaar aan by hierdie beroep op 'n intuïtiewe begrip van die juridiese sinkern wanneer hy by die 'watheid' van die reg probeer uitkom deur middel van die sogenaamde diafanerotiese metode (vgl. daaroor in die breë Stoker, 1967:239): Met die diafanerotiese metode moet die kenner die wesenskenmerk

14 Van Peursen (s.j.) verduidelik hoedat die subjektiwiteit van 'n persoon sy insigte en sieninge van die werklikheid beïnvloed – ook wanneer 'n mens dit oor daardie einste subjektiwiteit (die ek) het, sodat die ek nooit werklik volledig geken kan word nie. Hy stel dit soos volg:

> "Wanneer ik over mijzelf nadenk, kan ik mijn verleden, mijn uiterlijk, mijn stemmingen van nu als het ware voor mij stellen. Maar er blijft dan een ik over die dat nu doet. En wanneer ik over dat ik na ga denken, dan staat er weer een ik achter die rug die deze reflexie uitvoert. Het wordt een jacht tot in het oneindige, waarbij het ik een ontwijkend ik blijkt te zijn."

van die reg 'intuïtief insien'; die voorwerp van ondersoek ontwaar sigself as't ware aan die kenteoretiese subjek (vgl. L.M. du Plessis, 1978:603-604).

Die probleem bly steeds dat 'n mens per slot van sake nie anders kan as om met die kenbare werklikheid – soos deur die sonde bevlek – te begin nie. Daaruit ontstaan ons kennis van die werklikheid; ja, selfs ons 'intuïtiewe insien' word gekondisioneer deur die kenbare wêreld waarin ons ons bevind. 'n Mens kan wel sekerlik vanuit die gegewe werklikheid die inwerking van die sonde bedink en, ten einde tot die wesenskern van fasette van die werklikheid om ons deur te dring, daardie gevolge van die sondeval met 'n intellektuele spel probeer elimineer; maar dit wat jy as beginpunt van jou ondersoek voor hande vind, bly steeds die ervaarbare werklikheid van hier en nou.

Dat die 'watheid' van die reg met regte in die subjektiewe sin (by Stoker 'menseregte') te make het, staan vas. 'n Empiriese analise van regsnorme laat blyk dat juridiese voorskrifte (die reg in objektiewe sin) na hulle inhoud breedweg in drie kategorieë ingedeel kan word:

- Daar is in die eerste plek regsreëls wat juridiese begrippe presiseer: Dít is 'n kontrak, 'n misdaad, die parlement, 'n motorvoertuig, 'n Suid-Afrikaanse burger, 'n toerekeningsvatbare of 'n handelingsbevoegde persoon en so meer.

- In die tweede plek is daar regsreëls wat prosedures neerlê: Só moet jy te werk gaan om 'n kontrak aan te gaan, 'n testament te maak, 'n huwelik te sluit, 'n maatskappy op te rig, 'n vereniging te stig, 'n misdaad te pleeg, 'n wet te maak, in die hof te prosedeer, jou saak te bewys, 'n stem uit te bring en so meer.

- 'n Derde groep regsreëls bepaal die juridiese kompetensies, die subjektiewe regte en daarby inbegrepe bevoegdhede en juridiese verpligtinge van 'n persoon: Jy kan, omdat jy 'n regsinnige volwasse persoon is, selfstandig (sonder bystand) 'n kontrak sluit; hierdie regsobjek kom jou toe en nie daardie een nie; sus mag jy daarmee handel en nie so nie; dit mag derdes daarmee doen en nie dat nie; dit mag jy doen en van daardie handelinge behoort jy jou te weerhou en so meer.

Hoewel die reëls van begripspresisering en regsprosedure ook in die vorm van positiewe regsnorme gegiet is, kan hulle bloot as hulpmiddels beskou word wat konstitutief van aard is en die werking van die regsorde moontlik maak. Hulle is bestem om die effektiewe en doelmatige ordening van die regte in subjektiewe sin en korrelate regsverpligtinge van 'n regsubjek moontlik te maak. Die bedoelde kompetensies, subjektiewe regte (met die daarby inbegrepe bevoegdhede) en regsverpligtinge staan daarenteen sentraal in die middelpunt en moet derhalwe in 'n intieme verband met die juridiese modaliteit gekonstrueer word.

Die besondere bydrae van Stoker is dat hy hierdie gedagtegang aan dieper (filosofiese) analise onderwerp ten einde (na die orde van die skepping) begripsmatig gestalte te gee aan die kern wat in die konsepsie van regte in subjektiewe sin (wat hy 'menseregte' noem) opgesluit lê en wat volgens hom aan die 'watheid' van die reg uitdrukking gee.

Daarby moet ook net die volgende teregwysing aan die lig gebring word: wanneer Dooyeweerd oor die sinkern van die juridiese modaliteit besin, is hy nie soseer met die *wat*-vraag gemoeid nie maar met die vraag aangaande *die wyse* waarop daardie modaliteit tot die orde in die kosmos bydra (die *hoe*-vraag). Die reg in subjektiewe sin as die kern van dit waarmee die reg hom besig hou, staan daarom nie teenoor vergelding as die sinkern van die juridiese wetskring soos deur Dooyeweerd vertolk nie. Die vergeldingsleer bekyk die juridiese modaliteit vanuit 'n heel ander hoek en sou selfs aanvullend by die deur Stoker beklemtoonde faset van die juridiese werklikheid kon geld.

## 4. Die ontiese reg en natuurreg

Hoe is dit met die ontiese reg teenoor die klassieke natuurregsgedagte gesteld?

Stoker se wysbegeerte herinner veral aan die denkpatroon van 'n Plato van ouds – die denkpatroon wat die ervaarbare wêreld as 'n onvolkome afskaduwing sien van die eintlike werklikheid in die agtergrond (die wêreld van die volmaakte ideë).

'n Mens sou ook vir die Stoker-benadering aanknopingspunte kon soek in die natuurregsleer van die neo-Kantiaan, Rudolph Stammler (1856-1938) – vir sover ten minste as wat Stoker soms na die ontiese reg as 'ware' of 'regte' reg verwys (bv. Stoker, 1970b:1.3.2.2.), want dit was Stammler wat die begrip *richtiges Recht* gangbaar gemaak het om die regsidee waaraan positiewe reg met die oog op die *Richtigkeit* daarvan (geregtigheid) gemeet moet word, te kenteken (vgl. byvoorbeeld Stammler, 1964:57: "Alles gesetzte Recht ist ein Versuch, richtiges Recht zu sein").[15] Raath spreek in dié verband die volgende waarderende oordeel uit:

---

15 Vir die konstruksie van die "richtiges Recht" neem Stammler "die unbedingte Einheit der Rechtsidee" as leidende riglyn aan (Stammler, 1923:394). Hy beskryf die "richtiges Recht" dienooreenkomstig as "ein nach der Rechtsidee 'gerichtetes Recht'" (Stammler, 1923:291); en elders beskryf hy dit soos volg: "Richtiges Recht ist ein positives Recht dann, wenn es in seinem bestimmten Fordern und Vereinen die Rücksicht auf den einheitlichen Grundgedanken des rechtlichen Wollens überhaupt als wesentlichen Richtpunkt innerhält" (Stammler, 1964:45). "Richtig" in die onderhawige verband beteken "einheitlich geordnet" (Stammler, 1923:316 en 1928:171). 'n Mens kom dus tot 'n begrip van die "richtiges Recht" as jy aangaande die positiewe reg "in ihrem Dasein" die vraag stel: "Sind sie auch grundsätzlich berechtigt?" (Stammler, 1928:99).

> Deur aldus menseregte en regsnorme aan die ontiese reg te koppel, oorbrug Stoker die probleem wat opgesluit lê in die erkenning van 'n natuurregsisteem wat universeel geldend is en nie 'n oop oog vir die ontplooiing van menseregte op 'n kontingente basis het nie (Raath, 1984c:47).

Stoker self dui 'n sekere mate van ooreenkoms tussen die ontiese reg en natuurreg aan, byvoorbeeld waar hy in sy omskrywing van 'regsnorme' na "die ontiese (respektiewelik die sogenaamde 'natuur'-) reg" verwys (Stoker, 1970b:1.3.1.2.). Hy stel dit egter duidelik dat die ontiese reg beslis nie aan die tradisionele konsepsie van 'n universeel geldende en onveranderlike natuurreg gelykgestel moet word nie (Stoker, 1970b:7.4.). Stoker het dit in hoofsaak teen die veronderstelling in tradisionele natuurregsteorieë dat die *per se* geldende norme waarom dit gaan, onveranderlik is (Stoker, 1970b:1.3.4. en 7.4.).

Die ontiese reg behels, volgens Stoker, weliswaar onveranderlike momente, maar dit het ook 'n dinamiese (historiese) kant (Stoker, 1970b:1.3.4). Wanneer hy dit oor die onveranderlike kant van die ontiese reg het, gaan dit vir Stoker in die eerste plek om die wesensaard van die reg: "... reg ... bly as reg rég" (Stoker, 1970b:1.3.4). Hy noem egter ook voorbeelde van "vaste ontiese menslike reg". Dit sluit in: die mens se reg op lewe, op die eer van sy goeie naam, op vorming van kennis, om vir die mens te sorg, en om God te dien; die staat se reg om 'n universele juridiese inter-orde te reël; die volk se reg op taalvorming; regsnorme soos dié wat aan elkeen toeken wat hom toekom (*suum cuique tribuere*), wat eis dat ooreenkomste eerbiedig word (*pacta sunt servanda*) en wat soewereiniteit in eie kring sanksioneer (Stoker, 1970b:7.4.). Die dinamiese kant van die ontiese reg spruit byvoorbeeld uit die verskille in volksaard, van lande onderling, van tyd, van omstandighede en geleenthede (Stoker, 1970b:7.2.2.). Die voortgang van die geskiedenis bring ten opsigte van die ontiese reg die telkens nuwe tot stand: 'n Suigling ontwikkel tot volwassene en verkry in die loop van daardie ontwikkeling telkens nuwe regte; daar ontstaan met verloop van tyd nuwe instellings wat nuwe menslike reg vereis; veranderinge in die volkereverkeer bring ontwikkeling in die volkereg tot stand; ontwikkeling van die vervoer- en kommunikasiewese het nouer internasionale kontakte tot gevolg en laat ekumene ontstaan op byvoorbeeld politieke, kerklike, opvoedkundige, industriële, natuurwetenskaplike en sportgebied en met betrekking tot jeugbewegings (Stoker, 1970b:7.4.4.).

Stoker het dit dus teen miskenning van die voortgang van die natuurreg. Dit op sigself is geen voldoende rede om sy regsleer geheel buite die kader van die natuurregsgedagte te plaas nie. Dit is naamlik belangrik om daarop te let dat die betiteling *natuurreg* in die gang van die geskiedenis van die regsfilosofie aan voëls van seer diverse vere toegesê is. 'n Bekende handboekskrywer het daarvan gesê: "The most diverse elements are gathered under the same label" (Paton, 1953:78). Daar bestaan weliswaar geen eenstemmigheid oor wat eintlik die

*essentialia* van 'n natuurregsleer is nie. Standpunte hieroor wissel vanaf die algemene opvatting van byvoorbeeld Wolfgang Friedmann waarvolgens alle regsteorieë wat klem lê op "the need of legal ideals" onder die vaandel van 'natuurreg' tuisgebring word (Friedmann, 1970:154; en vgl. ook Dugard, 1972:20) tot die meer deurdagte tipering van die natuurreg deur iemand soos Gustav Radbruch, wat drie kenmerke van 'n regsleer om as 'natuurreg' te kwalifiseer uitwys: Die natuurreg is, soos die natuur, God en die menslike rede, onveranderlik, algemeen geldig en universeel bindend; die natuurreg is redelik (deur die verstand) kenbaar; en die natuurreg is nie alleen 'n maatstaf waaraan die positiewe reg getoets moet word nie, maar is ook reg wat geld in die plek van positiewe reg wat die bepaalde norm van die natuurreg weerspreek (Radbruch, 1959:20). Oor die algemeen beskou, behels die natuurreg, soos wat dit tradisioneel (voor die heropbloei van die natuurregsgedagte in die twintigste eeu) opgeneem is, die volgende kenmerke (vgl. Van Zyl & Van der Vyver, 1982: 50):[16]

- Die natuurreg bestaan uit 'n stel norme wat *per se* (sonder menslike positivering) geld.
- Daardie norme is universeel (ten alle tye, op alle plekke en onder alle omstandighede) van krag.
- Die beginsels van die natuurreg geniet absolute gelding (geen uitsonderings op die reëls van die natuurreg is ooit geoorloof nie).
- Die beginsels van die natuurreg is redelik kenbaar (kan deur die werking van die verstand geïdentifiseer word hoewel dit nie empiries/sintuiglik waarneembaar is nie).
- Die beginsels van die natuurreg stem met die regsidee ooreen (dit voldoen altyd aan die maatstawwe van 'n ideale voorskrif).
- Positiewe reg wat met die natuurreg in stryd is, is volgens sommige opvattinge nietig dog volgens ander beskouings wel geldig maar verwerplik.

16 Van Eikema-Hommes definieer die natuurreg in tradisionele sin soos volg:

> ... *het geheel van bovenpositieve* (niet door menselijke rechtsvormende wilsverklaring tot stand gebrachte) *onveranderlijke, universele en per se geldende rechtsnormen en eventueel subjectieve natuurlijke rechten met daarmee correlate plichten, die rusten in een al of niet op goddelijke oorsprong teruggevoerde natuurlijke orde en door de mens op apriorische wijze uit die natuurlijke orde met behulp van de natuurlijke rede kunnen worden afgeleid* (Hommes, 1961:55; en vgl. ook Hommes, 1968:108-109 en 1981:21).

As dit in die natuurreg bloot hierom gaan, het Stoker gelyk wanneer hy hom van daardie stroming distansieer. Dit is egter so dat die natuurreg deesdae aan die relativisme blootgestel is. Die historiese verloop van die natuurregsleer laat blyk dat die positivisme in die negentiende eeu sy tol geëis het vir sover dit aanhang vir die natuurregsidee betref. In die twintigste eeu het die natuurregsleer egter, in 'n ietwat gewysigde gedaante, 'n merkwaardige heropbloei beleef. Een van die verskille tussen die tradisionele en hedendaagse natuurregsteorieë geld juis die kwessie van (on)veranderlikheid van die natuurreg. Daar is naamlik in die kontemporêre natuurregsteorieë afgesien van die idee van 'n universeel geldende natuurreg om plek in te ruim vir 'n natuurreg wat van tyd tot tyd en van plek tot plek mag verskil na gelang van dit wat deur Gustav Radbruch die *Natur der Sache* genoem word; dit wil sê, die natuurlike, sosiale en juridiese omstandighede wat die wetgewer op 'n bepaalde tyd en plek voorhande vind en waaraan hy die regsvoorskrifte moet onderwerp (Radbruch, 1959:21). Daarmee word die voetspoor gevolg van regsfilosowe soos Joseph Kohler (1849-1919) wat reeds vroeër verklaar het: "... es gibt kein starres, für alle Zeiten gültiges Recht, kein *Naturrecht* mit festem Inhalt" (Kohler, 1929:4), of van Rudolph Stammler wat gewag gemaak het van 'n natuurreg met 'n veranderlike inhoud (Stammler, 1924:174).

Die beswaar wat Stoker teen die natuurregsidee uitgespreek het, geld dus wel vir die natuurregsgedagte in die tradisionele sin, maar nie vir hedendaagse natuurregsbeskouings nie. Aanhangers van Stoker gee dan ook geredelik toe dat Stoker onder ontiese reg dit verstaan wat gewoonlik as 'natuurreg' aangedien word (Raath, 1984b:295-296 en 1984c:36). Calviniste hoef ook nie apologeties teenoor die natuurregselemente in hulle regsbeskouings te staan nie (vgl. Raath, 1986: 464-465). Calvyn self het naamlik by die natuurregsleer van sy tyd aansluiting gesoek (vgl. Van Zyl & Van der Vyver, 1982:55-56; L.M. du Plessis, 1974:123-129 en 1978:332-334). Vir sover Stoker die ontiese reg as 'n voor-positiewe instelling van God voorhou (vgl. Stoker, 1970b:5.3.) wat inhoudelik (na die orde van die skepping) aan eise van die regsidee beantwoord, sou sy siening beslis as 'n Christelik georiënteerde variasie van (die hedendaagse konsepsie van) natuurregsteorieë aangemerk kon word (vgl. L.M. du Plessis, 1978:620-622). Daarmee wil nie gesê wees dat hy met alle variante van natuurregsfilosofieë akkoord gegaan het nie. Hy het hom veral teen die humanistiese begronding van sommige natuurregsopvattinge uitgespreek.

By Dooyeweerd tref 'n mens inderdaad nie 'n natuurregsleer aan nie. 'n Mens sou wel kon sê dat Dooyeweerd met die oog op skeppingsgegewens 'n sinkern van die juridiese wetskring probeer aantoon, maar in die natuurregsleer gaan dit juis nie dáárom nie: 'Natuurreg' dui op 'n stel *norme* wat met die regsidee ooreenstem. Dooyeweerd het inderdaad ook, as 'n skeppingsgegewe, plek ingeruim vir

(vóór-positiewe) regsbeginsels,[17] waarvan sommige konstitutief (vir die regsbegrip essensieel)[18] en ander weer regulatief (as *Sollensprinzip* van wat die reg inhoudelik behoort te wees)[19] geld, en wat hy dan (respektiewelik) konstrueer in 'n spel van retrosipasies en antisipasies vanuit die juridiese wetskring (wat reeds die juridiese sinkern veronderstel).[20] Daardie regsbeginsels geld nie as regsnorme voordat dit nie deur 'n daartoe kompetente regsvormende orgaan in 'n geldende regsreël omgesit (gepositiveer) is nie.

By Stoker, aan die ander kant, gaan dit na die orde van die skepping nie net om die juridiese kenteken of karakteristieke eienskap, of om voor-positiewe regsbeginsels, nie.[21] Die onderskeid tussen regsnorme, menseregte en regsorde word volgens hom in sowel die orde van verskeurdheid as die orde van die skepping aangetref (vgl. Raath, 1984b:298 en 1985b:31), en vir sover hy dienooreenkomstig norme (en menseregte) identifiseer wat na die orde van die skepping *richtiges Recht* genoem kan word, volg hy vierkantig die natuurregtelike spoor.

Daar is egter sekere basiese strydvrae aangaande die natuurreg waarop Stoker geen duidelike antwoord verstrek nie. As dit byvoorbeeld op die verhouding tussen positiewe reg en ontiese (natuur-) reg aankom, is dit belangrik om te weet wat die gevolge sal wees as die gepositiveerde reg met die ontiese (natuur-) reg in

---

17 In een van sy vroeëre werke het Dooyeweerd inderdaad regsbeginsels aan 'natuurreg' gelykgestel (Dooyeweerd, 1925), maar later het hy die term *natuurreg* gereserveer vir daardie (konstitutiewe) regsbeginsels wat gefundeer is op die natuursy van die werklikheid; dit wil sê retrosipasies vanuit die juridiese wetskring na die aritmetiese, ruimtelike, (energetiese), fisiese, biotiese en psigiese aspekte (Dooyeweerd, 1930:255).

18 In *Calvinisme en natuurrecht* verwys Dooyeweerd na konstitutiewe regsbeginsels (wat in die struktuur van die reg en alle regsfigure opgesluit lê) as 'primêre regsbeginsels' en hy omskryf dit as "de natuur van het positieve recht of het geheel der wezenseigenschappen, die iedere rechtsorde qua talis aan moet wijzen, zal zij op den naam van recht aanspraak kunnen maken"; en hy vervolg: "In dezen zin geeft het natuurrecht [lees 'regsbeginsel'] niet den toets voor een beoordeling der positieve rechtsnormen naar richtigheid of onrichtigheid. Het primaire natuurrecht [lees 'regsbeginsel'] drukt slechts uit, wat het onveranderlijke wezen van ieder rechtsorde is naar de goddelijke ordinantie, die onafhankelijk is van onzen wil" (Dooyeweerd, 1925:15-16).

19 In *Calvinisme en natuurrecht* verwys hy na sodanige regsbeginsels as 'politiese regsbeginsels' en hy definieer dit as "het inbegrip der normatieve beginselen in acht te nemen bij de rechtsvorming, opdat deze geschiede in overeenstemming met de goddelijke idee van het recht" (Dooyeweerd, 1925:16).

20 Van Eikema-Hommes is eintlik die persoon wat die leerstuk van regsbeginsels vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee sistematies en volledig uitgepluis het. Vgl. Hommes, 1967 en 1969; en vgl. ook Van Zyl & Van der Vyver, 1982:247-55.

21 Vgl. Raath, 1984(a):227-30 oor die verskil tussen Dooyeweerd se persepsie van regsbeginsels en Stoker se konstruksie van die ontiese reg.

stryd sou kom: Geld die ontiese (natuur-) reg bloot as *Sollensprizip* waaraan die positiewe reg behoort te beantwoord; of sou 'n teenstrydigheid tussen die ontiese (natuur-) reg en die positiewe reg die ongeldigheid van laasgenoemde beteken?

Aan die een kant hou Stoker die ontiese reg voor as 'n rigsnoer van wat die positiewe reg behoort te wees (Stoker, 1970b:1.3.2.1.). Dan verklaar hy weer vaagweg "dat die positiewe reg aan die ontiese reg moet beantwoord en die ontiese reg die toetsingsgrond van die positiewe reg is" (Stoker, 1970b:5.4.), of dat die positiewe reg nie met die ontiese reg in stryd "mag wees" nie (Stoker, 1970b: 5.3). Ten slotte onderskei hy tussen "'ware', 'juiste' of 'regte' ('richtige') reg", naamlik reg wat aan die ontiese reg beantwoord, enersyds, en "skynreg of onreg", naamlik reg wat nie aan die ontiese reg beantwoord nie, andersyds; en hy besluit soos volg:

> Die positiewe reg ... moet aan die ontiese reg ... beantwoord. Die mens mag nie willekeurig menslike reg vorm (positiveer) nie. Doen hy dit tog, dan vorm hy skynreg, respektiewelik onreg (Stoker, 1970b:5.5.).

Die teenstrydighede wat in hierdie stellings opgesluit lê, val meteen in die oog. Die werkwoord *moet* het in sy gewone betekenis 'n dwingende karakter (in Engels *shall*), en hoewel die woord soms in die spreektaal as sinoniem van *behoort te* gebruik word, is dit taalkundig en beslis regswetenskaplik verkeerd om daaraan 'n normatiewe betekenis te verbind. In die aangehaalde passasies laat Stoker hom van terme bedien wat enersyds te kenne gee dat die ontiese reg bloot as behorenseis geld van wat die positiewe reg behoort te wees, maar dan weer te kenne gee dat positiewe reg wat die ontiese reg weerspreek nie bestaanbaar is nie.

Die vereenselwiging van "skynreg" en "onreg" sluit by hierdie verwarde beeld aan. Stoker het besondere waardering vir die onderskeid wat Pieter du Plessis gemaak het tussen die etiese, wat die eties-goeie en die eties-slegte (onetiese) insluit, teenoor die a-etiese (Stoker, 1970b:8.3.; en vgl. P.G.W. du Plessis, 1965: 187-189). In sy eie regsteorie val Stoker egter self in die strik wat Du Plessis met dié basiese onderskeid vir die eksistensie-filosowe gestel het. Skynreg en onreg is naamlik wesensverskillende begrippe. *Skynreg* is nie werklik reg nie, dit lyk maar net so of word so aangedien. *Onreg* aan die ander kant is wel deel van die regswerklikheid – dit vind sy plek binne die grense van die juridiese modaliteit – maar word 'onreg' genoem omdat dit na sy inhoud regseties afkeurenswaardig is. Die vraag bly dus onbeantwoord in Stoker se filosofie of positiewe reg wat met die ontiese reg in stryd is, in werklikheid geen reg is nie ('skynreg'), dan wel of sodanige reg ten spyte van die regsetiese verwerplikheid daarvan wel as reg bly geld ('onreg') (vgl. ook L.M. du Plessis, 1978:627-628).

## 6. Menseregte

Die menseregte waaroor Stoker dit het, is daardie "ontiese regte wat die mens volgens die orde van die skepping van God ontvang" (Stoker, 1970b:4.1.1.). Hy beskou daardie regte samevattend as die aanspraak van die mens om sy deur God opgelegde roeping te vervul en sodoende aan sy godgegewe bestemming te beantwoord.

Sodoende vereenselwig hy die menseregte met "die reg (menseregte) tot roepingsvervulling en vryheidsverwesenliking" (Stoker, 1970b:3.4.1.1.); of die aanspraak van die mens "om sy roeping te vervul en sy bestemming te verwesenlik" (Stoker, 1970b:3.5.2.), "om as geroepene sy roeping te vervul" (Stoker, 1970b: 2.3.2.), "om sy roeping te vervul en aldus sy vryheid te verwesenlik" (Stoker, 1970b:4.1.3.), "om te wees wat hy is en om te doen wat sy hand vind om te doen" (Stoker, 1970b:2.3.2.). Hierdie mensereg, sê hy, kom met "hy mág" in sig: "Die mens mag doen waartoe hy reg het; wat hy mág doen, is sy reg" (Stoker, 1970b: 4.1.3.). Elders definieer hy die ontiese mensereg as "'n ontiese aanspraak wat die mens het om te doen wát hy behóórt te doen en om dit só te doen sóós hy dit behóórt te doen" (Stoker, 1965:136).

Met die oog op sy tipering van die ontiese reg as "ampsbediening", omskryf hy die mensereg soos volg:

> [D]ie mens is tot ampsbediening toegerus, tot ampsdraer geordineer; daarop het hy aanspraak; daarin rus sy regsverpligtinge (Stoker, 1970b:8.4.1.).

Daarmee word die menseregte funderend gestel vir alle menslike handelinge. Die mens is naamlik met 'n verskeidenheid roepinge beklee en met take belas, waarvan die volvoering sy mensereg is: Hy behoort God te dien, hy behoort sedelik te handel, hy behoort kennis te vorm, hy behoort die natuur te beheers en kultuur te skep ensovoorts. Hierdie behore stel sy reg daar en lê basies ten grondslag aan 'n tweede soort behore wat Stoker onderskei, naamlik die eis dat die gemelde handelinge ooreenkomstig die aard van en norme vir die godsdiens, die sedelike, kennis, natuurbeheersing en kultuurskepping (respektiewelik) verrig behoort te word (vgl. Stoker, 1970b:3.5.3.).

Daaruit kan ook die inhoud van die menseregte afgelei word, waarvan Stoker die volgende voorbeelde gee: die aanspraak van die mens "op sy lewe (en op wat hy daarmee doen), op die eer van sy naam, om te trou, sy kinders op te voed, ooreenkomste aan te gaan, verbonde te sluit"; die aanspraak van die kerk "op die bediening van die Woord van God"; en die aanspraak van die staat "op vorming en handhawing van universele inter-reg" (Stoker, 1970b:4.1.3.; en vgl. ook Stoker, 1965:133). Dit gaan, saamgevat, om "die reg om die natuur te beheers,

kultuur te skep, vir die mens te sorg, God te dien en met dit alles om sy roeping te vervul en aldus sy vryheid te verwesenlik" (Stoker, 1970b:4.1.3.).

Stoker onderskei tussen menseregte in "ruime" en menseregte in "strenge" of "spesifieke" sin (Stoker, 1970b:4.1.3.1.). Die menseregte in ruime sin het betrekking op "álles wat die mens mág doen", terwyl menseregte in die meer spesifieke sin betrekking het op "die fundamentele of hoofonderskeidings van menslike doen en late" (ibid.). Hierdie spesifieke menseregte paar hy met direkte verpligtinge (ibid.; en vgl. ook Stoker, 1965:134-5), welke verpligtinge deur die "behore" van menseregte geïmpliseer word (Stoker, 1970b:4.1.4.). Aangaande die menseregte in die algemeen leer hy verder dat die bedoelde ontiese aansprake in beginsel onvervreembaar en onontneembaar is (Stoker, 1970b:4.1.3.) en dat daar sowel gelyke as ongelyke menseregte bestaan.

Die eienskap van onontneembaarheid plaas weer eens die kwessie van byvoorbeeld staatlike inmenging in die besit en uitoefening van menseregte in geskil. Neem die voorbeeld van werkreservering vir blanke werkers in die apartheidsbedeling. As 'n mens aanvaar dat elke mens 'n ontiese reg het om sy godgegewe roeping te vervul ten einde sy bestemming te verwesenlik (Stoker, 1970b:3.5.2.), wat sou dan die konsekwensie wees van 'n staatlike (positiefregtelike) reëling wat (na die orde van verskeurdheid) 'n swarte daarvan weerhou om die werk te verrig waartoe God hom geroep en met die nodige talente toegerus het? Miskien moet die oplossing gesoek word in die klem wat Stoker op die mensereg as 'n menslike *aanspraak* laat val. Al sou in 'n sondebedorwe samelewing die daadwerklike aktualisering van die menseregte deur die staatsowerheid met (geldende en afdwingbare) positiewe regsvoorskrifte in die wiele gery word, kan die staat die *aanspraak* van die mens om sy roeping te vervul – sy reg daartoe in regsetiese sin – nie aantas of van hom vervreem nie; hy behou die ontiese reg, al kan hy weens positiefregtelike ingrype daardie reg nie empiries realiseer nie.

Dit is 'n besondere pluspunt van Stoker se regsleer dat hy die menseregte aan sowel enkelinge as samelewingskringe onderken (vgl. Stoker, 1965:133-4). Soos wat die op God gerigte oorsprong en eindbestemming van menseregte by Stoker die humanisme betrek, skaar hy hom met die onderhawige insig teen die individualistiese tendens in "liberalistiese" menseregte-beskouinge (Stoker, 1965:134). Dit is interessant om daarop te let dat die menseregtehandves wat vir die oorgangsfase na die 'nuwe Suid-Afrika' beplan word, nadruklik bepaal dat "[a]lle regspersone[22] ... geregtig [sal] wees op die regte wat in hierdie Hoofstuk [die menseregtehandves] ingesluit is vir sover die aard van daardie regte dit moontlik

22 "Regspersone" is sosiale entiteite (samelewingskringe) wat die draers is van hulle eie regte en verpligtinge, dus afsonderlik van die regte en verpligtinge van hulle lede.

maak" (art. 7(3) van die Ontwerpgrondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 5/10/93).

Stoker se siening van ontiese menseregte as die reg tot roepingsvervulling en vryheidsverwesenliking (Stoker, 1970b:3.4.1.1.) herinner aan die gedagterigting wat menseregte gelykstel aan 'n reg om jou etiese plig te vervul of aan jou etiese roeping te beantwoord. Christiaan Wolff (1679-1754) omskryf die etiese gebod aldus as die mens se verpligting om homself te vervolmaak (*perfice te ipsum*) (vgl. Wolff, 1740/49:1.1.173. en 1754: par. 36) en konstrueer op basis van die gebod die algemene en aangebore reg om sy etiese plig (selfvervolmaking) na te kom (Wolff 1740/49:1.1.23. *et seq.* en 1754: pars. I, cap. II-IV):

> Ius connatum dicitur quod ex obligatione cannata oritur (Wolff, 1740/49: 1.1.26.).

Johann Gottlieb Fichte (1762-1814) verwys soortgelyk na dit wat die etiese norm beveel as "recht, eine Pflicht" teenoor dit wat deur die etiese norm verbied word, wat dan "unrecht, pflichtwidrich" heet (Fichte, 1793:60). Op grondslag van dié onderskeiding konstrueer hy die mensereg met 'n negatiewe aksent: alles wat nie deur die etiese norm verbied word nie, mag ons doen; en wat ons mag doen, daartoe het ons 'n reg (ibid.).

Met hierdie vergelyking word nie te kenne gegee dat Stoker in die kring van Wolff (praktikalis in die kader van die vroeë rasionalisme) en Fichte (neo-Kantiaan) ingereken moet word nie; daarvoor is hulle onderskeie uitgangspunte te verskillend. Selfvervolmaking sou in Stoker se denke onmoontlik, en die poging daartoe trouens sonde wees; en by Stoker is die dieper grond en sin van menseregte nie die etiese behore as sodanig nie, maar die skeppingsorde van God.

Tog is dit jammer dat Stoker nie meer eksplisiet sy eie beskouing afgebaken het teenoor standpunte wat, oppervlakkig beskou, daarmee vergelykbaar is nie. Dit sou die unieke van sy betoog nog skerper aan die lig gebring het. Die verwysing hier na Wolff en Fichte laat blyk dat daar met konstruksies van 'n verband tussen reg en (eties-gerigte) plig as sodanig, ook eintlik maar niks nuuts onder die son is nie. 'n Christelik verantwoordbare konstruksie van daardie verband is egter 'n besondere verdienste van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee.

As dit op die verbesondering van daardie insig aankom, skemer Stoker se gebrek aan vakkundige regskennis weer eens deur. As 'n mens die voorbeelde van ontiese menseregte waarvan Stoker gewag maak, van naderby beskou, blyk dit dat hy 'menseregte' in 'n breë en ongepresiseerde betekenis vertolk om 'n verskeidenheid regsbetrekkinge in te sluit wat samevattend 'regte in subjektiewe sin' genoem kan word. Regte in subjektiewe sin sluit verskillende regsfigure in (vgl. Van der Vyver & Joubert, 1991:1-30; Van der Vyver, 1988:209), te wete:

- *subjektiewe regte* (die aanspraak van 'n regsubjek op 'n regsobjek, byvoorbeeld eiendomsreg, die reg op jou goeie naam en dies meer);
- *bevoegdhede* (dit wat die regsubjek geoorloof is om met die objek van sy subjektiewe reg te doen, byvoorbeeld die gebruiks- en beskikkingsbevoegdheid); en
- *kompetensie* (dit wat 'n regsubjek uit hoofde van sy regsubjektiwiteit in die regsverkeer kán (teenoor mág) doen, byvoorbeeld die vermoë om 'n kontrak te sluit, in die huwelik te tree of testamentêr oor jou eiendom te beskik).[23]

Stoker toon geen aanvoeling vir die onderskeid tussen *mag doen* (juridiese bevoegdheid) en *kan doen* (juridiese kompetensie) nie;[24] of miskien is Lourens du Plessis nader aan die kol waar hy sê dat Stoker wel van die onderskeid bewus is (met verwysing na Stoker, 1967:113; en vgl. ook Stoker, 1965:131) maar dit nie behoorlik verdiskonteer nie (L.M. du Plessis, 1978:616-17).

Hierdie kritiek geld vir Stoker juis omdat hy die ontiese menseregte ruim opvat om alles wat die mens 'mag doen' in te sluit en dan ook gevalle van 'kan doen' daarby betrek. Daar luier 'n dieperliggende wysgerige vooronderstelling aan hierdie warbeeld ten grondslag. Dit is naamlik die algemeen aanvaarde opvatting dat die reg aan die normatiewe sy van die werklikheid sy plek vind en dat regsvoorskrifte daarom noodwendig die vorm van behorenseise – op die gebied van regte in subjektiewe sin, voorskrifte van wat gedoen 'mag' word – aanneem. Vir dié rede wil Dooyeweerd nie die onderskeid tussen 'mag doen' en 'kan doen' as kriterium aanwend om die genots- en beskikkingsbevoegdheid wat in 'n subjektiewe reg opgesluit lê van juridiese kompetensies te onderskei nie (vgl. Dooyeweerd, 1937:401). Juridiese kompetensies, wat immers ook deur die positiewe

23 Raath se gevolgtrekking kan beslis betwyfel word as hy Stoker se menseregtebegrip gelyk stel aan wat regsgeleerdes onder 'subjektiewe regte' verstaan (Raath, 1984(b):293 en 1984(c):35). By Stoker gaan dit inderdaad om 'n konglomerasie van subjektiewe regte, bevoegdhede en juridiese kompetensies, wat ons hier samevattend as 'regte in subjektiewe sin' beskryf. Raath self is 'n regsgeleerde en daarom is dit onvergeeflik dat hy op een plek na die positiewe reg verwys as kompetensie, subjektiewe reg en bevoegdheid (Raath, 1984c:38): die positiewe reg bestaan in der waarheid uit 'n stel norme wat (ten dele) die kompetensies, subjektiewe regte en daaraan verbonde bevoegdhede reguleer.

24 Dooyeweerd se standaardwerk oor die subjektiewe reg (Dooyeweerd, 1937) het daarenteen juis die besondere verdienste dat dit die subjektiewe reg (wat altyd op 'n regsobjek betrekking het en 'n genots- en beskikkingsbevoegdheid tot inhoud het) skerp van 'n juridiese kompetensie (wat nie met 'n regsobjek te make het nie) onderskei (Dooyeweerd, 1937:400-12). Dooyeweerd aanvaar egter nie die verskil tussen 'mag doen' en 'kan doen' as basis vir die onderskeid tussen 'n bevoegdheid en kompetensie, soos wat Van der Vyver wel doen nie.

reg omlyn word, dui egter juis op 'n vermoë om 'n bepaalde handeling te kán verrig; en, negatief beskou, as 'n regsubjek 'n bepaalde kompetensie ontbeer, kán hy die handeling waarom dit gaan onder geen omstandighede verrig nie. As die positiewe reg naamlik bepaal dat 'n kind onder die ouderdom van sewe jaar nie oor die kompetensie beskik om 'n misdaad te pleeg nie, gaan dit nie bloot om wat hy mag of nie mag doen nie: daardie kind kán glad nie, juridies beskou, misdadig optree nie. Hy kan – tot hy blou is in die gesig – skop, skiet en wat ook al daarmee mag saamgaan, maar juridies word sy gedraging nie as misdaad aan hom toegereken nie. In daardie sin is die regsgebod wat die afwesigheid van 'n juridiese kompetensie bepaal, onoortreebaar: as 'n mens regtens nie mág nie, dan kán jy steeds, maar sóú jy, tree jy onregmatig op; as jy nie kán nie, dan kán jy eenvoudig nie.

Die ruim betekenis wat Stoker aan menseregte verbind, plaas ook die vermoë van samelewingskringe om draers van menseregte te wees in geskil. Samelewingskringe wat vir regspersoonlikheid kwalifiseer kan, op enkele uitsonderings na, dieselfde regte as die natuurlike persoon hê. Maar die voorbeelde wat Stoker van 'menseregte' van samelewingskringe opnoem, dui meestal op juridiese kompetensies wat uit die interne soewereiniteit of die outonomie (na buite) van die sosiale entiteit voortspruit. Om van die menseregte van die staat te praat, is besonder aanvegbaar (vgl. Dooyeweerd, 1937:401, waar hy hom sterk uitspreek teen Georg Jellinek (1851-1911) se konstruksie van 'n publieke subjektiewe reg van die staat op gehoorsaming deur sy burgers).[25]

Daar moet naamlik 'n verdere perk aan 'menseregte' gestel word, wat eweneens deur Stoker oor die hoof gesien is. Met die begrip *menseregte* val, soos reeds vermeld, nie alle regte in subjektiewe sin in die oog nie. Dit is 'n begrip met 'n besondere publiekregtelike konnotasie en sluit dus privaatregtelike subjektiewe regte uit. Die idee van menseregte dui naamlik op besondere aansprake van staatsonderdane teenoor die staatsowerheid en wel in die empiriese bedeling waarna Stoker verwys as die orde van sondeval en verlossing – of soms die orde van verskeurdheid. *Menseregte* in die engste sin van die woord kenteken meer bepaald daardie regte van die mens wat vir die mens-wees van elke persoon van sodanige kardinale of fundamentele belang is dat dit nie deur die staatsowerheid aangetas kan word, of volgens sommige beskouinge aangetas mag word nie.

Sedert die eerste ontwerp van 'n menseregteteorie deur John Locke (1632-1704) gedurende die tydperk van die Verligting, het die betekenis van die menseregte-

---

25 In Suid-Afrika vind Francois Venter aansluiting by Jellinek se konstruksie van publieke subjektiewe regte van die staat (Venter, 1980 en 1985:148-72). Venter word in dié opsig skerp deur Marinus Wiechers gekritiseer (Wiechers, 1988:283; vgl. ook Van der Vyver & Joubert, 1991:25-6).

begrip weliswaar uitgekring om 'n verskeidenheid fundamentele aansprake van die mens aan te dui. Dit sluit in hoofsaak die volgende in (vgl. Van der Vyver, 1991:774-781):

- Natuurlike regte; dit wil sê daardie regte wat in die mens-wees van elke persoon opgesluit lê en wat jou toekom bloot omdat jy mens is.
- Burgerregte; dit wil sê daardie regte wat intiem verband hou met jou status as burger van die staat en wat vir jou in die hoedanigheid van staatsburger van wesenlike belang is.
- Ekonomiese, sosiale en kulturele regte; dit wil sê daardie regte wat fundamenteel is vir die mens as arbeider, in die sosiale verkeer en vir die bevordering en behoud van sy kultuurerfenis.
- 'n Kategorie regte wat besonderlik op die voortgang van die mensheid bedag is en hom toespits, in belang van die huidige en toekomstige geslagte, op die ontwikkeling van nasies en van minder bevoorregte dele van die bevolking, op bewaring van die omgewing en vrywaring teen besoedeling, op die behoud van daardie dele van die heelal wat in die volkereg as die gemeenskaplike erfenis van die mensheid afgesonder is en so meer.

Stoker se omskrywing van die ontiese mensereg laat blyk dat hy hom eintlik net met daardie aansprake van die mens wil besig hou wat uit sy mens-wees voortspruit en wat gangbaar as die natuurlike regte van die mens uitgewys word. Hy spreek hom trouens nadruklik uit teen die tipering van burger- of politieke regte as "menseregte" (Stoker, 1965:138-139 en 1967:121). Juis met betrekking tot die 'natuurlike regte' van die mens bied die skeppingsidee van Stoker besondere insigte wat tot die kern van die probleem met sodanige regte deurdring.

Die vraag is naamlik: hoe identifiseer 'n mens daardie regte wat 'van nature' tot die essensie van ons menslikheid behoort? Ten einde op hierdie vraag 'n antwoord te vind, het die natuurregsfilosowe van die Verligting die bestaan van die staat met sy regeringstrukture weggedink en die gewaande toestand van die enkeling in 'n sogenaamde (staatlose en regeringlose) natuurstaat – volgens John Locke 'n werklik bestaande toedrag van sake[26] maar volgens Jean-Jacques Rousseau (1712-1778) bloot 'n rasionele hipotese[27] – gekonstrueer. Stoker wyk ge-

26 Locke verklaar aldus: "[T]he world never was, nor never will be, without numbers of men in that state" (Locke, 1690:2.2.14.).

27 Nadat hy opgemerk het dat filosowe dikwels van die natuurstaat gewag maak sonder om te vra of so 'n staat werklik bestaan het en dat hulle geneig is om idees wat op die burgerlike samelewing betrekking het op so 'n staat te projekteer, verklaar Rousseau: "Commençons donc par écarter tous les faits, car ils ne touchent point à la question. Il ne faut pas

heel en al van hierdie benadering af. Hy sien tereg in dat die ondersoek na ontiese menseregte antropologies aangepak moet word; en om by die eintlike wese van die mens as mens uit te kom, moet daar ooreenkomstig die algemene benadering van die skeppingsidee selektief relevant van die sonde en die bedorwe invloed daarvan afgesien word. Die mens het ten spyte van die sonde in sy diepste wese méns gebly, en as jy kenteoreties tot daardie diepste wese van die mens wil deurdring, moet jy die sonde hipoteties wegdink en die mens na die orde van die skepping gadeslaan.

Daarmee volstaan Stoker, hoewel die voorbeelde van menseregte wat hy noem ook (ietwat onsistematies) sommige van dié insluit wat by die ander kategorieë wat hierbo uitgewys is, ingedeel moet word.

Johan Potgieter maak sterk kapsie teen die veronderstelling dat menseregte met 'n selektief relevante wegdink van die sonde – dus na die orde van die skepping – geïdentifiseer kan word. Hy fundeer hierdie kritiek op die verdoemende uitspraak dat, weens die sondeval, die mens hoegenaamd nie meer wesenlik goed of die beelddraer van God is nie. Die mens is verdorwe, sê hy, en die beeld van God is vernietig (Potgieter, 1990:6 kol.1). In sy intreerede stel hy dit radikaal sterker:

> Die waarheid is dat die natuurlike (sondige) mens nie beeld van God is nie, maar beeld van die duiwel. Die eienskappe van die natuurlike mens kom naamlik met die kenmerke van die duiwel (en nie van God nie) ooreen (Potgieter, 1989:396).

Met hierdie, vir die Calvinis volkome onaanvaarbare uitspraak, spreek Potgieter hom, vanuit 'n gewaande Christelike belydenis, teen die idee van (natuurlike/ontiese) menseregte uit:

> Dit moet duidelik wees dat die menseregteleer in wesenlike opsigte van die Christelike evangelie verskil; waar menseregte die sondige mens verheerlik en meer vryheid bied om te sondig, vereis die Christelike evangelie kruisiging van die natuurlike mens en 'n heilige lewe (Potgieter, 1990:7; en vgl. ook Potgieter, 1989:402).

Met sowel Potgieter se uitgangspunt aangaande die inwerking van die sonde as sy slotsom aangaande menseregte, kan hoegenaamd nie saamgestem word nie (vgl. ook L.M. du Plessis, 1990). Daarenteen bied die skeppingsidee met sy volstrek Calvinisties-Christelike uitgangspunt 'n aanneemlike metode om ten minste daar-

prendre les Recherches, dans lequelles on peut entrer sur ce Sujet, pour les verités historiques, mais seulement pour des raisonnemens hypothétiques et conditionnels; plus propres à éclaircir la Nature des choses qu'à montrer la véritable origine, et semblables à ceux que font tous les jours nos Physiciens sur la formation du Monde" (Rousseau, 1755:132-133).

die menseregte wat natuurlikerwys as voorwaarde vir 'n menswaardige bestaan geld, te onderken.

## 7. Slotbeskouing

Stoker se regs- en menseregteleer is in menige opsig nog soos die spreekwoordelike ongeskilde ertappel; of, nee, hier pas die eintlike idioom van die ongeslypte diamant tog beter. Terwyl daardie diamant nog in die skommelskottel rondgeslinger word sodat die ruwe rande weggeslyt kan word, skitter die Lig van sy Woord reeds helder en duidelik in die kern van die edelsteen wat hy vir ons wat verder daaraan moet slyp, agtergelaat het.

## Bibliografie

BAVINCK, H. 1908. Wijsbegeerte der openbaring. Kampen : J.H. Kok.

COETSEE, H.J. 1984. Hoekom nie 'n verklaring van menseregte nie? *Tydskrif vir Regswetenskap*, 9(1):5-13.

DOOYEWEERD, H. 1925. Calvinisme en natuurrecht. Amersfoort : W. van Wijngen.

DOOYEWEERD, H. 1930. De structuur der rechtsbeginselen en de methode der rechtswetenschap in het licht der wetsidee. Wetenschappelijke bijdragen aangeboden door hoogleraren der Vrije Universiteit ter gelegenheid van haar vijftigjarig bestaan : 20 October 1930. Amsterdam : Dagblad en Drukkerij De Standaard.

DOOYEWEERD, H. 1937. Grondproblemen in de leer der rechtspersoonlijkheid. *Themis:* 199-263 en 367-421.

DOOYEWEERD, H. 1950. De strijd om het souvereiniteitsbegrip in de moderne rechts- en staatsleer. Amsterdam : Uitgeverij H.J. Paris.

DOOYEWEERD, H. 1962. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

DOOYEWEERD, H. 1984. A New Critique of Theoretical Thought. Translated by David H. Freeman & William S. Young. Ontario : Paideia Press.

DUGARD, J. 1972. South African Lawyers and the Liberal Heritage of the Law. (*In* Randall, Peter *ed.* Law Justice and Society : Report of the Spro-Cas Legal Commission. Johannesburg : Christian Institute of South Africa. p. 19-33.)

DU PLESSIS, L.M. 1974. Calvyn oor die staat en die reg. Calvyncauserieë No 3. Potchefstroom : Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, PU vir CHO.

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (LL.D.-proefskrif.)

DU PLESSIS, L.M. 1980. Reg, geregtigheid en menseregte. *Obiter:* 51-85.

DU PLESSIS, L.M. 1990. Opmerkings oor die Christelike fundering (en ontkenning) van menseregte. *Woord en Daad*, 30:8-11.

DU PLESSIS, P.G.W. 1965. Opskorting van die etiese? Die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J.-P. Sartre en S. de Beauvoir. Potchefstroom : Pro Rege-Pers.

FICHTE, J.G. 1793. Beitrag zur Berichtigung der Urtheile des Publicums über die französische Revolution (2e Aufl. 1795). Johann Gottlieb Fichte's sämmtliche Werke, herausgegeben von I.H. Fichte, Bd. VI:37-288. Berlin : Walter de Gruyter & Co. (1971).

FRIEDMANN, W. 1970. Legal Theory. New York : Columbia University Press.

KOHLER, J. 1929. Einführung in die Rechtswissenschaft. 6e Aufl. durchgearbeitet von P. Oertmann & R. Honig. Leipzig : Werner Scholl.

KUYPER, A. 1898. Het calvinisme, Zes Stone-lesingen in October 1898 te Princeton (N.J.) gehouden. 2e druk. Kampen : J.H. Kok.

LOCKE, J. 1690. Two Treatises of Civil Government. Uitg. geredigeer deur W.F. Carpenter. London Dent/New York : Dutton.

PATON, G.W. 1953. A Text-Book of Jurisprudence. Oxford : Clarendon Press.

POTGIETER, J.M. 1987. Aspekte van die juridiese beskerming van die godsdiensgevoel. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. (LL.D.-proefskrif.)

POTGIETER, J.M. 1989. Gedagtes oor die nie-Christelike aard van menseregte. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 52(3):386-408.

POTGIETER, J.M. 1990. Menseregte : Verwyder die skyn-Christelike kleed. *Woord en Daad*, 30:5-7.

RAATH, A.W.G. 1984a. (Regs-)beginsels en (regs-)norme : Enkele kritiese opmerkings. *Koers*, 49(2):213-231.

RAATH, A.W.G. 1984b. Ampsbediening : 'n Ondersoek na die aard en rol van die reg. *De Jure*, 17(2):289-312.

RAATH, A.W.G. 1984c : Die teoretiese grondslag van menseregte volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. *Obiter:* 29-47.

RAATH, A.W.G. 1985a. Menslike vryheid in konteks en perspektief. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (LL.D.- proefskrif.)

RAATH, A.W.G. 1985b. Ontiese reg en die regsidee. *Koers*, 50(1):17-34.

RAATH, A.W.G. 1985c. Grondbeginsels van 'n Calvinistiese regsleer. *Obiter:* 48-66.

RAATH, A.W.G. 1986. Skrifgeloof en regswetenskap. *Koers*, 15(4):455-69.

RADBRUCH, G. 1959. Vorschule der Rechtsphilosophie. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

ROUSSEAU J.-J. 1755. Discours sur cette question proposée par l'Académie de Dijon: Quelle est l'origine et les fondemens de l'inégalité parmi les hommes. Jean-Jacques Rousseau Oevres Complètes, 109-223. Gallimard (1964).

STAMMLER, R. 1923. Theorie der Rechtswissenschaft. Neudrukt der 2e Aufl. Aalen : Scientia Verlag (1970).

STAMMLER, R. 1924. Wirtschaft und Recht nach der materialistischen Geschichtsauffassung: Eine sozialphilosophische Untersuchung. 5e Aufl. Berlin/Leipzig : Walter de Gruyter & Co.

STAMMLER, R. 1928. Lehrbuch der Rechtsphilosophie. Berlin/Leipzig : Walter de Gruyter & Co.

STAMMLER, R. 1964. Die Lehre von dem richtigen Rechte. Bad Homburg : H. Gentverlag.

STOKER, H.G. 1933. Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Pretoria : De Bussy.

STOKER, H.G. 1964. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. *Philosophia Reformata*, 29:1-67.

STOKER, H.G. 1965. 'n Kursoriese besinning oor menseregte. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap*, 1(3):131-44.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting. Band I. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. 2e druk. Johannesburg : De Jong Boekhandel.

STOKER, H.G. 1970a. Oorsprong en rigting. Band II. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

STOKER, H.G. 1970b. Die aard en rol van die reg. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

STRAUSS, D.F.M. 1971. Die aard en rol van die reg – 'n Bespreking van H.G. Stoker se besinning oor die onderwerp. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 7(4):149-62.

VAN DER VYVER, J.D. 1972. Die juridiese funksie van staat en kerk: 'n Kritiese analise van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Durban : Butterworths.

VAN DER VYVER, J.D. 1973. Die juridiese relevansie van die leerstuk van menseregte. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (LL.D.-proefskrif.)

VAN DER VYVER, J.D. 1974. Hedendaagse Rooms-Katolieke en Calvinistiese natuurregsteorieë. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 37:380-388.

VAN DER VYVER, J.D. 1975. Hedendaagse Rooms-Katolieke en Calvinistiese natuurregsteorieë. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 38:66-75 en 119-139.

VAN DER VYVER, J.D. 1975. Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika. Kaapstad/ Wynberg/Johannesburg/Durban : Juta & Kie. Bpk.

VAN DER VYVER, J.D. 1985. The Bill-of-Rights Issue. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 10(1):1-20.

VAN DER VYVER, J.D. 1988. The Doctrine of Private-Law Rights. (*In* Strauss, S.A. *red.* Huldigingsbundel vir W.A. Joubert. Durban : Butterworths. p. 201-246.)

VAN DER VYVER, J.D. 1991. Constitutional Options for Post-Apartheid South Africa. *Emory Law Journal*, 40(3):745-835.

VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1991. Persone- en familiereg. Kaapstad/Wetton/ Johannesburg : Juta & Kie.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1961. Een nieuwe herleving van het natuurrecht. Zwolle : N.V. Uitgevers-Maatschappij W.E.J. Tjeenk Willink.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1967. De betekenis van de algemene rechtsbeginselen voor de rechtspraktijk. S.l. : Calvinistische Juristen Vereniging.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1968. Iets over natuurrecht, *Philosophia Reformata*, 33: 106-17.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1969. Iets over rechtsbeginselen. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 5(1):1-13.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1981. Hoofdlijnen van de geschiedenis der rechtsfilosofie. 2e Druk. Deventer : Kluwer.

VAN EIKEMA-HOMMES, H.J. 1982. Inleiding tot de wijsbegeerte van Herman Dooyeweerd. 's Gravenhage : Martinus Nijhoff.

VAN PEURSEN, C.A. s.j. Lichaam-ziel-geest. 2e druk. Utrecht : Bijleveld.

VAN ZYL, F.J. & VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban : Butterworths.

VENTER, F. 1980. Publieke subjektiewe regte : 'n Beskouing oor die regsverhouding tussen staat en burger. Inougurele rede. Potchefstroom : PU vir CHO.

VENTER F. 1984. Menseregteperspektief in perspektief. *Woord en Daad*, 24:13-14.

VENTER, F. 1985. Die publiekregtelike verhouding. Durban : Butterworths.

WIECHERS, M. 1988. Die publiekregtelike subjektiewe reg. (*In* Strauss, S.A. *red.* Huldigingsbundel vir W.A. Joubert. Durban : Butterworths. p. 270-291.)

WOLFF, C. 1740/49. Jus naturae. Marcel Thomann *red.* II.17 Christian Wolff gesammelte Werke. Hildesheim : Georg Olms (1972).

WOLFF C. 1754. Institutiones juris naturae et gentium, in quibus ex ipsa hominis natura continuo nexu omnes obligationes et iura omnia deducuntur. J. Ecole *et al. reds.*, II.26 Christiaan Wolff gesammelte Werke. Hildesheim : Georg Olms (1969).